39/92

Saak nr 288/91

E du Plooy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

VUSIMUZI ELLIOT MNUNE — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

Coram: E M GROSSKOPF, F H GROSSKOPF ARR et HOWIE WN AR

Verhoordatum: 19 Maart 1992

Leweringsdatum: 26 Maart 1992

# U I T S P R A A K

**F H GROSSKOPF AR:**

Die appellant is tydens 'n sitting van die Oos en Suid-Oostelike Rondgang Plaaslike Afdeling te Evander deur McCreath R en twee assessore skuldig bevind op twee aanklagte van moord, 'n aanklag van huisbraak met die opset om te roof en roof met verswarende omstandighede, 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal, en drie aanklagte wat verband hou met die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie. Die hof a quo het die appellant die doodvonnis op elkeen van die twee moordklagtes opgelê. Daarbenewens is die appellant tot 16 jaar effektiewe gevangenisstraf vir die ander misdade gevonnis. Sy aansoek om teen die opgelegde doodvonnisse te appelleer, is deur die hof a quo geweier. Sy daaropvolgende petisie aan die hoofregter om verlof om te appelleer is eweneens van die hand gewys.

Die appellant was beskuldigde 1 in die hof a

quo. Sy jonger broer, destyds 19 jaar oud, was beskuldigde 2. Hy is aan dieselfde misdade as die appellant skuldig bevind en die vonnisse wat hom opgelê is, was ook dieselfde as dié van die appellant. Sy aansoek om verlof om teen die skuldigbevindings en doodvonnisse op die twee moordklagtes te appelleer, is insgelyks deur die hof a quo geweier; so ook sy petisie aan die hoofregter. Die onderhawige saak handel egter slegs met die posisie van die appellant, en daar sal alleen waar nodig verder na die rol van beskuldigde 2 verwys word.

Die Strafregwysigingswet 107 van 1990 ("die wysigingswet") het op 27 Julie 1990 in werking getree. Art 4 van die wysigingswet het art 277 van die Strafproseswet 51 van 1977 ingrypend gewysig, en dit het 'n totaal nuwe bedeling met betrekking tot die oplegging van die doodvonnis meegebring. Die effek van daardie wysiging is reeds in verskeie uitsprake van hierdie hof

uiteengesit en dit is nie nodig om dit hier te herhaal nie.

Al die erkende regsprosedures betreffende appèl en hersiening ten opsigte van die appellant se doodvonnis was egter reeds uitgeput gewees voordat die wysigingswet in werking getree het. Die geval van die appellant, as ter dood veroordeelde persoon, is dus kragtens art 19(8) van die wysigingswet in oorweging geneem deur die paneel wat ingevolge art 19(1) aangestel is. Die paneel se bevinding ooreenkomstig art 19(10)(a) was dat die doodvonnisse waarskynlik opgelê sou gewees het indien die gewysigde art 277 ten tye van vonnisoplegging in werking was. Daardie bevinding het meegebring dat die appellant se saak vervolgens ingevolge art 19(12)(a) deur hierdie hof oorweeg moet word asof dit 'n appèl van die appellant teen sy vonnis is, en asof die gewysigde art 277 ten tye van vonnisoplegging reeds in werking was. Kragtens die bepaling van art 19(12)(b) van

die wysigingswet kan hierdie hof dan onder andere die doodvonnis bekragtig, of indien hy van oordeel is dat hy self nie die doodvonnis sou opgelê het nie, daardie vonnis tersyde stel en die straf oplê wat na sy oordeel gepas is.

Die appellant en beskuldigde 2 het mnr en mev Du Plessis op Saterdag 4 April 1987 in hulle huis op die plaas Goedgedacht in die Heidelberg distrik vermoor. Die appellant en beskuldigde 2 het die vorige aand by hulle vader op die plaas oornag. Hulle het trouens op daardie plaas grootgeword waar hulle vader toe reeds vir 26 jaar vir mnr Du Plessis gewerk het. Die appellant self het tot ongeveer 'n jaar voor die betrokke gebeure nog op die plaas gewoon. Die appellant het dus vir mnr en mev Du Plessis geken, en hulle het hom ook geken. Die appellant en beskuldigde 2 is tussen eenuur en twee-uur die Saterdagmiddag van hulle vader se huis af weg. Hulle het met 'n pad wat langs die plaashuis verbyloop in die

rigting van die bushalte geloop.

Mev Du Plessis, toe 58 jaar oud, was daardie Saterdagmiddag alleen by die huis gewees. Sy het kort tevore 'n voetoperasie ondergaan en beide haar voete was nog in gips gewees. Sy kon slegs met moeite beweeg. Sy het in die televisiekamer met haar breiwerk gesit toe die appellant en beskuldigde 2 die huis binnegekom het en haar oorrompel het. Die appellant en beskuldigde 2 was gewapen met 'n pistool wat hulle 'n paar maande tevore elders gesteel het. Hulle het mev Du Plessis se hande vasgemaak, haar in een van die kamers toegesluit en geld begin soek. Toe hulle nie self enige geld kon kry nie, het hulle mev Du Plessis gaan haal om hulle te wys waar die geld versteek word. Die appellant het ook geëis dat sy 'n vuurwapen aan hom gee. Hulle het haar toe na die slaapkamer geneem waar hulle 'n .22 pistool in 'n hangkas gevind het. Daarna het mev Du Plessis 'n sleutel en 'n laaikas aan hulle uitgewys. Hulle het nie aanvanklik

enige geld daar gekry nie en het toe 'n bottel wyn gaan oopmaak en daarvan begin drink. Hulle het kort daarna na die laaikas teruggekeer en het toe 'n bedrag van by die R9 000 kontant in 'n koevert in een van die laaie van die laaikas gevind. Daarna het die appellant vir mev Du Plessis met 'n vuurwapen (dit is onbekend watter een) in die linkerslaap geskiet. Volgens die distriksgeneesheer wat die nadoodse ondersoek op haar liggaam uitgevoer het, het hierdie skoot mev Du Plessis se dood veroorsaak. Tydens sy pleitverduideliking in die landdroshof het die appellant gesê dat hy mev Du Plessis geskiet het omdat sy hulle goed geken het en gedreig het om 'n klagte teen hulle te lê.

Nadat die appellant mev Du Plessis doodgeskiet het, het hy en beskuldigde 2 in die televisiekamer gaan sit en verder van die wyn gedrink. Na 'n tyd het hulle 'n voertuig hoor aankom. Dit was mnr Du Plessis wat huis toe gekom het. Hy was 'n 64-jarige boer gewees. Die

appellant en beskuldigde 2 het hom in die huis ingewag. Die appellant het drie skote in die rigting van mnr Du Plessis geskiet, maar almal was mis gewees. Hulle het handgemeen geraak en die appellant het mnr Du Plessis verskeie steekwonde toegedien met 'n mes wat hy vroeër in die huis gevind het. Terwyl beskuldigde 2 vir mnr Du Plessis met 'n deur vasgedruk het, het die appellant 'n byl wat agter die deur gestaan het, geneem en mnr Du Plessis daarmee teen die voorkop gekap. Mnr Du Plessis het geval en een van die twee het hom toe met die byl op die nek gekap. Beskuldigde 2 het later beide die oorledenes se oë met die mes uitgesteek. Nadat die appellant en beskuldigde 2 hulle hande gewas het, is hulle met die 2 pistole, die geld en nog sekere ander los items daar weg.

Die nadoodse ondersoek op mnr Du Plessis se liggaam het getoon dat hy op wrede wyse vermoor en vermink was. Daar was twee skedelfrakture asook 'n diep,

gapende wond oor die voorkant van sy nek wat tot teen die servikale werwels gestrek het. Daarbenewens was daar nog veelvuldige steek-, kap- en snywonde oor veral die boonste deel van sy liggaam. Sekere van die steekwonde het die borsholte binnegedring. Verskeie van die beserings sou opsigselfstaande die dood van mnr Du Plessis kon veroorsaak het.

Daar is klaarblyklike strafverswarende faktore wat in ag geneem moet word. Die appellante en beskuldigde 2 het na die plaashuis gegaan met die opset om te roof. Daar het hulle twee ou mense in die huis vermoor. Die appellant het 'n vuurwapen saamgevat, en in die huis het hy homself ook nog met 'n mes bewapen om enige moontlike weerstand te oorkom. Mev Du Plessis het geen weerstand gebied nie; sy was trouens nie in staat om dit te doen nie. Sy is nogtans vermoor nadat sy vir hulle gewys het waar die geld versteek was. Die appellant het haar doodgeskiet omdat sy hulle herken het.

Maar hy het vooraf geweet dat mnr en mev Du Plessis hom sou herken, en hy moes besef het dat indien hy enigeen van hulle sou raakloop, hy verplig sou wees om daardie persoon dood te maak ten einde uitkenning te verhoed. Instede daarvan om na die moord op mev Du Plessis met die buit te ontvlug, gaan sit hulle ewe rustig in die televisiekamer en wyn drink. Daar is geen sprake daarvan dat mnr Du Plessis onverwags op hulle afgekom het en dat hulle hom in 'n oomblik van beweerde paniek vermoor het nie. Selfs toe hulle sy voertuig hoor aankom het, kon hulle hulself nog betyds uit die voete gemaak het. Hulle het egter besluit om hom in die huis in te wag en daar te verras. Daarna het hulle hom met onnodige geweld en op wreedaardige wyse vermoor. Die appellant het twee moorde 'n tyd na mekaar gepleeg, en in elke geval het hy die direkte opset gehad om sy slagoffer te dood.

Dit is namens die appellant betoog dat sy betreklike jeugdigheid as strafversagtende faktor in

aanmerking geneem behoort te word. Hy was 22 jaar oud toe die misdade gepleeg is, en dus geen tienderjarige meer nie. Daar is geen aanduiding dat hy as gevolg van sy jeug deur iemand beïnvloed was om hierdie verfoeilike moorde te pleeg nie. Die waarskynlikhede dui eerder daarop dat hy, as die ouer broer, vir beskuldigde 2 beïnvloed het.

'n Verdere strafversagtende faktor wat namens die appellant ter oorweging gegee is, is die moontlikheid dat hy onder die invloed van sterk drank opgetree het. Die appellant se vader het in die loop van sy getuienis ontken dat die appellant en beskuldigde 2 enige bier die Vrydagaand by hom aan huis gedrink het. Daar was geen suggestie dat hulle die Saterdagoggend enige sterk drank by hulle vader se huis of elders gedrink het nie. Hulle het wel wyn by die plaashuis gedrink, maar dit was ten tye van die pleging van die misdade. Die appellant het ook nie beweer dat hy hoegenaamd deur die inname van

sterk drank aangetas was nie.

'n Strafversagtende faktor wat wel gewig dra, is die feit dat die appellant geen vorige veroordelings op sy kerfstok gehad het nie. Dit wil nie sê dat hy in alle opsigte 'n wetsgehoorsame burger was nie, want hy is tydens sy verhoor ook skuldig bevind aan 'n vroeëre oortreding van huisbraak met die opset om te steel en diefstal wat 'n paar maande tevore gepleeg is. Die pistool wat die appellant saamgeneem het toe hy die reeks misdrywe in April 1987 op die plaas van mnr Du Plessis gaan pleeg het, was trouens by daardie vorige geleentheid in Januarie 1987 by 'n winkel gesteel.

Die feit dat die appellant moontlik vir rehabilitasie vatbaar is, is maar een van die faktore wat by strafoplegging oorweeg moet word. Die ander oogmerke by straftoemeting, te wete voorkoming, afskrikking en vergelding, moet egter ook in aanmerking geneem word by die beoordeling van die gepaste vonnis. Aanvalle op

weerlose bejaardes wat in hulle eie wonings, dikwels op afgeleë plase, beroof en vermoor word, is in die afgelope tyd in uitsprake van hierdie hof beskryf as iets wat uiteraard vir die gemeenskap verderflik is. In sulke gevalle tree die gemeenskapsbelang, asook die afskrikkings- en vergeldingselemente, sterk op die voorgrond by die oorweging van die gepaste straf. (S v Khundulu and Another 1991(1) SASV 470(A) te 479 h-i; S v Makie 1991(2) SASV 139(A) te 143 h; S v Sesing 1991(2) SASV 361(A) te 365g-h; S v Shabalala and Others 1991(2) SASV 478(A) te 483c-e.)

Die twee oorledenes in die onderhawige saak was ook betreklik bejaarde persone wat in hulle eie huis op die plaas beroof en vermoor is. Met inagneming van die strafversagtende en -verswarende faktore, en die hoofoogmerke van straftoemeting, is ek van oordeel dat die doodstraf die enigste gepaste straf vir beide die moorde is.

Die appèl word afgewys en die twee doodvonnisse wat die appellant opgelê is, word bekragtig.

F H GROSSKOPF AR

E M GROSSKOPF AR
HOWIE Wn AR Stem saam